# Ubi Caritas Kleuterskool

## vir Vroeë Kinderontwikkeling




# Prospektus 2016

- Slegs 12 kinders per klas
- Fokus op: Sosiale ontwikkeling, emosionele geborgenheid, individuele aandag, SPÉÉL!
- Lees- en Wiskunde program

# *Ubi Caritas et Amor*

## *Waar daar liefde en deernis is. . .*

Welkom aan elke ouer wat ʼn stap in die regte rigting neem ten opsigte van u kind se vroeë kinderontwikkeling by *Ubi Caritas Kleuterskool*.

ʼn Kind wat geliefd is, is ʼn gelukkige kind wat ʼn lus vir die lewe ontwikkel. Ons strewe daarna om ʼn positiewe selfbeeld by elke kind te ontwikkel en elke kind sy/haar plekkie in die son te laat vind.

ʼn Kind leer deur spel en deur aktief deel te neem aan sy/haar leerproses. Dit is ons doelwit om klem te lê op LEER deur te SPEEL! Sodoende verseker ons dat ons kinders ʼn positiewe konnotasie heg aan leer en steeds kind bly in die proses.

Om te verseker dat elke lyfie hul verdiende aandag kry, konsentreer ons op klein klassies (slegs 12 leerdertjies per klas), ʼn holistiese benadering ten opsigte van ontwikkeling en individuele aandag aan elke leerder.

Die doelwit van ons dagprogram is om entoesiastiese leerdertjies te vorm en ʼn lus vir lewe te ontwikkel. Daarom word ons leerdertjies gemotiveer om te eksperimenteer, ondersoek en nuwe idees uit te probeer. Ons speel-leer aktiwiteite fokus verder op ontwikkeling van motoriese vaardighede, emosionele en sosiale ontwikkeling asook visuele en ouditiewe persepsie.

Ons sien saam met u uit na ʼn positiewe band en spanwerk tussen skool, ouer en kind om sáám u kind te begelei tot bereiking van sy/haar optimale potensiaal!



Rochelle Swart
Bestuurder – Ubi Caritas Kleuterskool

## Dagprogram

| Tyd | Aktiwiteit |
|---|---|
| 07h00 – 07h30 | Arriveer / Ontbyt (Voorsien deur ouers) |
| 07h30 – 08h00 | Storietyd en Klasmusiek / Sang |
| 08h00 – 08h40 | Gefasiliteerde Binnespel (kognitief, fynmotories, sensories) / Lees en Wiskunde program (individueel met elke leerder) |
| 08h40 – 09h10 | Onderwyser begeleide aktiwiteite (bv. knip, plak, inkleur) |
| 09h10 – 09h25 | *Mid morning snack* (Voorsien deur ouer) |
| 09h25 – 10h20 | Gefasiliteerde Buitespel (kognitief, groot motories, sensories) |
| 10h20 – 10h50 | Swemlesse / *Monkeynastix* / Balvaardighede / Dans / Kookkuns |
| 10h50 – 11h30 | Middagete (Voorsien deur ouer) / Lees- en Wiskunde program (individueel met elke leerder) |
| 11h30 – 13h00 | Slapiestyd |
| 13h00 – 13h30 | Lyfies word wakker gemaak en vertrek huis toe |

## Kurrikulum

Dit is vir ons belangrik dat onderrigtyd optimaal benut word om te verseker dat leerders hul mylpale bereik en ook om vaardighede en kennis in te win wat hulle die res van hul lewe saam sal dra. Daarom is die kurrikulum sorgvuldig saamgestel om aan al die leerders se behoeftes te voorsien.

Die kurrikulum wat gevolg word is saamgestel uit die Kurrikulum Assesserings Beleidsverklaring (KABV). Die volgende aktiwiteite word by die kurrikulum ingewerk: Swemlesse, *Monkeynastix,* Balvaardigheid, Kookkuns, Skeppende aktiwiteite, Musiek, Dans en Sang word aangebied.

Daar word aan leerders verskeie opsies van aktiwiteite gebied waarmee hulle kan eksperimenteer in vryspelperiodes binne en buite die klaskamer. In hierdie tyd is die leerders in beheer van wat hulle wil leer. Dit maak die leerproses soveel meer effektief en meer onvergeetlik.

Met ons kurrikulum, vryspelperiodes en leerterapie poog ons om die volgende te bereik:

Psigo-sosiaal

- Om leerders gemaklik te laat voel in die skool omgewing
- Sekuriteit en geborgenheid te laat beleef
- Vriende te maak en om te voel dat hulle deel van ’n groep is
- Om leerders te help om ’n goeie selfbeeld te ontwikkel
- Suksesbelewing te ervaar
- ’n Positiewe gesindheid te ontwikkel

Kognitief:

- Leerders die kans gee om met hulle eie idees te eksperimenteer
- Probleme op te los
- Die nodige woordeskat te gebruik om hulle idees uit te druk

Motories:

- Om leerders se groot- en fynmotoriese vaardighede te ontwikkel
- Hulle positief te laat voel oor dit wat hulle liggaampies kan doen
- ’n Positiewe liggaamsbeeld te ontwikkel

Sensories:

- Om leerders se sensoriese integrasie ontwikkel (taktiel, visueel, ouditief, reuk, smaak)

## Skoolure

Skool begin soggens vir alle ouderdomsgroepe om 07h30, leerders mag vanaf 07h00 afgelaai word.

Leerders kan weer tussen 13h00 en 13h30 opgelaai word ná hul middagslapie. Stiptelike oplaai van leerders in verpligtend. **’n BOETE WORD GEHEF VIR LAATKOMMERS.**

## Klaskamerbestuur

Leerders word voorsien van ’n briewe-lêer. Leerders se briewe-lêer moet elke dag in sy/haar vakkie geplaas word. Hierdie is die wyse waarop die ouers kan kommunikeer met die klasonderwyser. Ouers MOET per brief kommunikeer.

Die skool maak gebruik van ’n *communicator* om met ouers te kommunikeer. Losstaande by die Prospektus is die nodige inligting om die *communicator* op u foon of rekenaar te laai.

Leerders moet nie later as 07h30 afgelaai word nie. Met u kind se veiligheid in gedagte mag leerders onder geen omstandighede self die perseel binnekom of verlaat nie. Ouers moet hul vergesel. Leerders moet soggens aan die klasonderwyser oorgegee word en weer smiddae by die klasonderwyser teruggehaal word.

As daar enige klagtes sou opduik, vra ons dat u die eienaar, Catherine Grobbelaar, sal kontak en dit met haar bespreek. Haar e-pos adres is catyg@mweb.co.za

## Terapie

Elke leerder is bevoorreg om daagliks een-tot-een tyd saam met die leerterapeut te spandeer, waar Glenn Doman se program gebruik word om Lees, Wiskunde en Algemene kennis te ontwikkel en te bevorder.

Aktiwiteite uiteengesit volgens die "Integrated Learning Therapy" (ILT) word geïntegreer in die daaglikse klasroetine wat dien as moontlike voorkoming van leerprobleme.

## Dienste

Die volgende dienste word bykomend aangebied:

- Oueropleidingsessies: Daar sal aan die begin van elke jaar met elke ouderdomsgroep se ouers 'n sessie geskeduleer word waarvan bywoning verpligtend is. Tydens hierdie sessies sal daar inligting aan ouers gegee word rakende die ontwikkelingsmylpale wat gedurende die komende jaar deur u kind bereik sal word.

- Klasse na-uurs waar mamma en babatjie tyd saam kan spandeer en leer hoe om u kind se lyfie te masseer en om hul ruimtelike oriëntasie te ontwikkel.

## Jaarprogram

Die volgende byeenkomste word jaarliks aangebied. Vakansiedae word ook vir u gerief aangedui.

Kwartaal 1:

- 13 Januarie: Skool begin
- 6 Februarie: Oueropleidingsessies

- 1 Februarie: Fotodag
- 18 Maart: Skool sluit

Kwartaal 2:

- 5 April: Skool begin
- 27 April: Publieke vakansiedag: Vryheidsdag
- 2 Mei: Publieke vakansiedag
- 6 Mei: Kwartaalbreuk
- 13 Mei: Ouma- en Oupadag
- 16 Junie: Publieke vakansiedag, Jeugdag
- 24 Junie: Skool sluit

Kwartaal 3:

- 18 Julie: Skool begin
- 5 Augustus: Pretdag
- 9 Augustus: Publieke vakansiedag: Vrouedag
- 26 Augustus: Kwartaalbreuk
- 30 September: Skool sluit

Kwartaal 4:

- 10 Oktober: Skool begin
- 18 Oktober: Ouer-adminpakkette word uitgestuur
- 31 Oktober: Ouer-adminpakkette word teruggestuur skool toe
- 25 November: Konsert
- 25 November: 4 – 5 jariges se gradeplegtigheid
- 5 Desember: Skool sluit

## Siekte / Medikasie

Ons werk met klein lyfies. Hierdie lyfies kan baie vinning baie siek word en hulle steek ook vinnig by mekaar aan. Vir die volgende siektetoestande mag leerdertjies ongelukkig nie skool toe gebring word nie. Indien enige van hierdie siektesimptome by die skool ontstaan, sal ouers onmiddellik gebel word en die leerder moet dan dadelik gehaal word:

- Enige oordraagbare siektes (bv. Pampoentjies of Waterpokkies)

- Koors van 38° of hoër

- Maagwerkings

- Opbring

Dit is vir ons belangrik dat ons leerders se lyfies gesond bly en soms is dit dus nodig om medikasie toe te dien tydens skool-ure. Hiervoor voorsien ons ʼn medikasievorm wat deur die ouer ingevul en onderteken moet word. As die vorm NIE ingevul is NIE, kan GEEN medikasie ongelukkig toegedien word NIE. Die vorm sal beskikbaar wees op die *communicator* én is ook by hierby skrywe aangeheg.

## Uniform

*Ubi Caritas* T-hemp

ʼn Pragtige *Ubi Caritas* T-hemp is ingesluit by u kind se registrasiefooi en leerdertjies dra die T-hemp met ʼn denim tydens die volgende geleenthede:

- Vrydae (met ʼn gemaklike kortbroek-demin)
- Uitstappies of instappies (met ʼn netjiese langbroek-denim)
- Fotodag (met ʼn netjiese langbroek-denim)

Hare

- Dogters: Lang hare moet netjies vasgemaak word met rekkies en knippies sodat hare nie in u kind se gesig hang nie.
- Seuns: Hare moet kort en netjies wees.

Algemeen

- Naels: Naels moet asseblief kort en netjies wees.

# Kosblikke

**0 – 2 jaar:**

- Formule melk en gesteriliseerde bottels moet deur ouers voorsien word vir elke skooldag.
- Pappies, Purity, Vrugte, Kaasblokkies, Joghurt (*Greek* as dit moontlik is) ens. kan saamgestuur word vir leerders wat al vaste kossies begin eet het.

**2 – 5 jaar:**

ʼn Kind se diëet is een van die **belangrikste** aspekte van sy/haar lewe. Dit beïnvloed ʼn kind se gedrag, hoe die brein ontwikkel en leer, asook die kind se groei. As opvoeders en ouers is dit ons plig om noukeurig te let op wat hulle eet en wat ons vir hulle gee om te eet.

Hieronder word idees gegee oor wat u vir u kind mag inpak skool toe, maar ook ʼn lys van nie-toelaatbare kossies. Ouers word versoek om asseblief streng hierby te hou:

<table>
<tr><th>Voorgestelde lys:</th><th>NIE-toelaatbare lys:</th></tr>
<tr><td><u>Ontbyt Voorstelle:</u><br>- Mieliepap<br>- “All Bran”<br>- “High Fibre Bran”<br>- Eier<br>- Glas melk<br>- Repies spek</td><td><u>Geen:</u><br>- Lekkernye<br>- Hoë GI kosse</td></tr>
<tr><td colspan="2">U kind moet asseblief soggens voor hy/sy skool toe kom ontbyt eet. Indien u kind wel verkies om later ontbyt te eet kan u twee kosblikke skool toe stuur – Die een gemerk ‘Ontbyt’ en die ander ‘Middagete’.</td></tr>
<tr><td><u>Voorstelle:</u><br>• <u>Mid morning snack voorstelle:</u><br>- Vrug / ongesoute neute<br>- Joghurt (Greek)<br>- Water<br>• <u>Middagete voorstelle:</u><br>- Vrug<br>- Groente (bv. wortelstokkies)<br>- Toebroodjie met kaas, grondboontjiebotter of koue vleis<br>- Glas melk (Botteltjie melk)</td><td><u>Geen:</u><br>- Lekkernye<br>- Nutella sjokolade smeer<br>- Gaskoeldrank</td></tr>
</table>

## Finansiële Verpligtinge

| Diens / Fooi | Koste – 2016 |
|---|---|
| **Registrasiefooi en Skryfbehoeftes vir 2016**<br>Betaalbaar voor / 15 Desember 2015 | R 3 300<br>(jaarliks betaalbaar vir registrasie en skryfbehoeftes) |
| **Skoolfonds vir 2016**<br>Januarie tot Desember 2015 (vir 12 maande)<br><br>*Betaalbaar op die 1ste dag van elke maand VOORUIT* | 2 – 5 Jaar **R 3 300 p/m** |
| **Ko-Kurrikulêre aktiwiteite:**<br>Individuele leerterapie<br>Swemlesse<br>*Monkeynastix* | Geen addisionele koste |
| **Uitstappies en instappies**<br>Waar van toepassing | Addisionele koste waar van toepassing |
| ***Ubi Caritas* T-hemp** | Geen addisionele koste |

**Bankbesonderhede**

Rekeninghouer: *El Zera* Privaatskool cc
Tipe rekening: Besigheidsrekening
Bank: Standard Bank
Tak: Northcliff
Takkode: 6305
Rekeningnommer: 402044487

## Toelatingsbeleid

Leerdertjies word op grond van die volgende kriteria gekeur vir toelating tot *Ubi Caritas* Kleuterskool:

- *Ubi Caritas* is 'n Christelike, Afrikaanse kleuterskool en leerders moet dus Afrikaans as Eerste Taal beoefen om toelating tot die skool te verkry.
- Die leerder moet oor 'n gemiddelde of bogemiddelde verstandelike vermoë beskik.
- Ouers moet aan riglyne in hierdie Prospektus vervat, voldoen. Die skool maak staat op ouers wat verantwoordelikheid neem vir hul kind se opvoeding en in spanverband met die skool saamwerk om die nodige uitkomste te bereik. Wedersydse respek tussen ouers en opvoeders is van kardinale belang en ouers moet by die reëls en stipulasies van die skoolbeleid hou.

Nie-onderhandelbare aspekte waartoe ouers toestem tydens inskrywing:

- Skoolgeld is vooruit betaalbaar op die 1ste dag van elke maand, met dien verstande dat die volle saldo teen 1 Desember van die huidige jaar gedelg is. Skoolfonds word oor 12 maande afbetaal. ŉ Registrasiefooi en Skryfbehoeftesfooi is jaarliks betaalbaar op 15 Desember van die voorafgaande jaar.
- Wyse van betaling:
  - Maandelikse Internetbetalings oor 12 maande vanaf Januarie tot Desember.
- Die aansoeker/s erken onherroeplik sy/hul aanspreeklikheid teenoor die skool vir die betaling van skoolgeld vir die betrokke jaar of enige verskuldigde saldo daarvan, met dien verstande dat indien skoolgelde nie tot op datum betaal is nie die leerder die skoolperseel geweier mag word totdat skoolgelde vereffen is.

Let asseblief daarop dat leerders jaarliks heraansoek moet doen om toelating. Voorvereistes vir hertoelating sluit in, maar is nie beperk tot die volgende aspekte:

- Voldoening aan riglyne vir ouers, soos uiteengesit in hierdie Prospektus.
- Volledige en tydige betaling van skoolfonds.
- Getroue skoolbywoning.

## Inskrywings

Voordat u kind ingeskryf kan word by *Ubi Caritas,* moet u eers eienaar kontak vir ŉ afspraak. ŉ Inname onderhoud met die eienaar Catherine Grobbelaar, sal geskeduleer word. Ouers sal na afloop van die afspraak in kennis gestel word of u kind kwalifiseer vir toelating tot die skool.

Die volgende dokumente moet asseblief ingesluit wees by die inskrywing:

- Voltooide Agtergrondvraelys (hierby aangeheg)
- Voltooide Inskrywingsvorm (hierby aangeheg)
- Gesertifiseerde afskrif van u kind se geboortesertifikaat
- Afskrif van u kind se immuniseringskaart tot op hede
- ŉ Mees onlangse skoolverslag van u kind (indien hy/sy voorheen ŉ ander kleuterskool bygewoon het)
- Enige opvoedkundige of mediese verslae van toepassing
- Mediesevorm met ouers se handtekening

- Bewys van betaling van jaarlikse registrasiefooi, skryfbehoeftes en eerste maand se skoolfonds:

| Fooi | Bedrag |
|---|---|
| 1. Betaling van registrasie (T-hemp ingesluit) en skryfbehoeftes | **R 3 300 p/a** |
| 2. Betaling van eerste maand skoolfonds | **R 3 300** |
| 3. Totaal verskuldig | **R 6 600** |

## Riglyne vir ouers

Die skool maak ten volle staat op ouers vir die volgende:

- Betaling van rekeninge op die 1ste dag van elke maand vooruit (rekeninge word maandeliks per e-pos aan ouers gestuur vanaf Epsilon Accountants – Danie Grobler)
- Stiptelike oplaai en aflaai van leerders
- Getroue skoolbywoning
- Merk van leerders se besittings
- Saamstuur van gesonde kossies in kosblikke
- Saamstuur van ʼn tweede stel klere elke dag
- Inpak van doeke (van toepassing op 0 – 3 jaar)
- Formule melk en gesteriliseerde bottels (van toepassing op 0 – 2 jaar)
- Doeke (van toepassing op 0 – 2 jaar)
- Boudroom (van toepassing op 0 – 2 jaar)
- Aansmeer van sonbrandroom
- Saamstuur van bottel sonblok
- Bywoning van oueropleidingsessies

## Vergelukende tabel van dienste, ratio en fooi van kleuterskole in ons omgewing

| Naam | Registrasiefooi | Jaargeld | Hoeveelheid kinders per klas | Skool ure | Dienste |
|---|---|---|---|---|---|
| Ubi Caritas Kleuterskool | R 3 300 | 2 – 5 Jaar: R 39 600<br>12 paaiemente | 12 | 07h00 – 13h30<br>Volg departementele kwartale | Swemlesse en *Monkeynastix* ingesluit by skoolfonds, Individuele Lees- en Wiskunde leerterapie, balvaardigheid, dans, musiek, kookkuns, aktiwiteite, breingym, babamassering klasse vir mamma en baba, ILT oefening word toegepas |
| Fontainebleau Preprimêre skool | R 550 | Babas: R 37 560<br>1 – 5 Jaar: R 35 400<br>11 paaiemente | 22 | 07h00 – 13h30 | Voorsien etes, buitemuurse aktiwiteite teen ekstra koste |
| Montossri | R 3 500 | 2 – 5 Jaar: R 34 200 | 9 | 07h00 – 13h00<br>Volg privaatskool t ermyne | Liggaamsbeweging, Toga en Tai Chi, tuinmaak, musiek, buitemuurse aktiwiteite teen ekstra koste |
| Kleinfonteintjies | | 2 – 5 Jaar: R 30 000<br>12 paaiemente | | 06h45 – 13h15 | Voorsien etes, musiek, balspel, buitemuurse aktiwiteite teen ekstra koste |
| Headstart | R 500 | 0 – 5 Jaar: R 27 600<br>12 paaiemente | 15 | 08h00 – 13h00<br>Volg eie skool kwartale | Voorsien “snacks”, drama, musiek, dans, bak en brou, rekenaars, “playball” |
| Unika Pre-primêr | R 3 300 | 2 – 3 Jaar: R 25 190<br>4 – 5 Jaar:<br>11 paaiemente | | 07h00 – 13h00 | Voorsien etes, Kwanda Kids en klasmusiek ingesluit by skoolgeld, buitemuurse aktiwiteite teen ekstra koste |
| Akkerboom | R 500 | 0 – 5 Jaar: R 26 400<br>12 paaiemente | 8 | 06h00 – 13h45 | Voorsien etes, rekenaars, musiek, brainyblox |
| Fonties Pre-primêr | | 2 – 5 Jaar: R 17 200<br>10 paaiemente | 22 | 07h40 – 13h00 | Musiek deur opgeleide persoon, rekenaars, KDA, buitemuurse aktiwiteite teen ekstra koste |

Ubi Caritas Kleuterskool
vir Vroeë Kinderontwikkeling

Waar daar liefde is

## Toestemming om medikasie toe te dien

Hiermee gee ek ouer(s) ________________________________ toestemming vir *Ubi Caritas vir Vroeë Kinder Ontwikkeling* om die nodige medikasie toe te dien aan my kind(ers) ________________________________ .

**Huisdokter / Pediater**

Naam: ____________________________________________________________

Praktyk: __________________________________________________________

Adres: ____________________________________________________________

Kontak besonderhede: ________________________________________________

**Nodige inligting**

Noodtelefoonnommer: ________________________________________________

Rede vir medikasie: _________________________________________________

Naam van medikasie: ________________________________________________

Wanneer medikasie toegedien moet word: ________________________________

_________________________________________________________________

Instruksie vir toediening: ____________________________________________

_________________________________________________________________

Dosis: _____________________________________________________________

Ander nodige inligting: _______________________________________________

________________________________ ________________________________

Ouerhandtekening Selfoonnommer

## Kontak besonderhede

26 Silver Pine Avenue,
Moret, Randburg, 2194

## Eienaar

Catherine Grobbelaar
083 258 4231
ubicaritaskleuterskool@gmail.com